NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 5 SEPTEMBER 2021

VYFTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Persone met gehoorgestremdheid

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Spreuke 22:1-2, 8-9, 22-23; Psalm 125
Jakobus 2:1-10, (11-13) 14-17; Markus 7:24-37

	SONDAG, 5 SEPTEMBER
	NASIONALE BIDDAG VIR DOWES
09:30	Oggenddiens in die Kerk - Ds Hannes Burger Doop
09:30	Kinderkerk – Gr 1-3 Deuroffer ten bate van Instituut vir Dowes Erediensspan 2 – Lorraine Louw
	Geen Aanddiens
18:00	Senior Kategese
	MAANDAG, 6 SEPTEMBER
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 7 SEPTEMBER
09:30	Senior Burger Bybelstudie
18:00	Manne Bybelstudiegroep in Moederskamer
	WOENSDAG, 8 SEPTEMBER
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
	DONDERDAG, 9 SEPTEMBER
09:30	Dienssentrum vir Seniors: By Huis de Kuilen sing Jurie van Zyl
15:00	Openbaring Bybelstudie Sopbeurte: Rosa Brand, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Sarie Terblanche, Ronelda Visser, Hannelie Viljoen

VRYDAG, 10 SEPTEMBER
SATERDAG, 11 SEPTEMBER
SONDAG, 12 SEPTEMBER
SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD TOERUSTINGSONDAG BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE 09:30 Oggenddiens in Kerk 09:30 Kinderkerk Gr 4-6 Deuroffer ten bate van Bediening aan Jode Erediensspan 3 – Johan Norman **Geen** Aanddiens 18:00 Senior Kategese

GEMEENTENUUS

1. Neelah Fourie, dogtertjie van Francois en Adéle Fourie (Brackenfell) word vanoggend gedoop. Kobus en Elba Fourie (Du Toitstraat) is die grootouers.
2. Charles en Veronica Wolfaadt (Othello) se skoonseun is oorlede.
3. Willie Buhr, gade van Marietjie (voorheen Ralph singel) is ernstig siek. Ons vra voorbidding vir hulle.
4. René Ferreira is die naweek af, Lisbet Moller is vandag die orrelis.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

05/09 Kobus Neethling, Melissa Boyes, Glynn Moolman
06/09 Elba Fourie, Aldoreen van Zyl, Vicci Scholtz, Zanelle Kotze, Kotie Ras, Maxie Herbst
07/09 Annelene Traut, Corla Gericke, Werner Smit, Rian van Staden, Elize Booysens, Jacobus Nel
08/09 Antoinette Hugo, Johan Basson, Erika Huddlestone, Kayleigh Vermaak
09/09 Willem Snyder, Yolanda Hagen
10/09 Nadia de Kock, Paul Mulder, Lize-Mari Müller, Wena Fourie, Eduard Wessels
11/09 Hentie Dippenaar, Kallie Pauw, Riana Niehaus, Jaco Marais, Paula Bester, Wim Truter

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Instituut vir Dowes

Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID om die meer as 400 000 onbereikte Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord. Volwasse meervoudig-gestremde Dowes ontvang vaardigheids-ontwikkeling in residensiële sorg en beskermde werkswinkels binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doof-blinde persone.

Die NID Akademie bied multidissiplinêre steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies. NID Kollege bied geakkrediteerde beroepsopleidingsprogramme vir dowe studente aan. Twee skole, De la Bat en Nuwe Hoop sorg vir dowe kinders se opleiding. Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.

Mnr Deon de Villiers | 023 342 5555 | fr.nid@nid.org.za | www.nid.org.za

NUUS UIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Tydens die kerkraadsvergadering van 1 September 2021 is die volgende lidmaat tot die kerkraad verkies:

- Hennie Rootman – Blokleier WSG 5

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: ***Bikkies kos (Vleis, Vis en Groente)***
Toiletware
Melk



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

KEN-JOU-KERK-EN-WEN 2021

September 2021 het aangebreek en so ook Blokke B en D se fondsinsameling vir ons gemeente. In Junie is daar vetkoeke verkoop, in Augustus `n boks vol groente en nou gaan blokke B en D sorg dat daar vleis in jou yskas/vrieskas is.

Al wat jy hier in die beginmaand van die Lente-seisoen moet doen is om jou algemene kennis van ons leraars en gemeente te toets teen `n klein inskrywingsfooi van R100. Jy kom dan in aanmerking om met een van die volgende pryse weg te stap.

`n Heel lam, halwe vark (twee pryse), 3kg pak boerewors (7 pryse) of `n heel hoender

Die inskrywingsvorms is beskikbaar by die blokleiers/wykleiers/dienswerkers of by die kerkkantoor sowel as op die webwerf www.ngkeike.co.za.

Daar is geen beperking op aantal inskrywings per individu nie en lidmate kan ook hul familie en vriende buite ons gemeente nader om in te skryf.

Sluitingsdatum is 4 Oktober 2021.

Pryswenners sal so gou moontlik na 4 Oktober 2021 bekend gemaak word.

(onthou pryse moet by die kerkkantoor afgehaal kan word)

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ek gee graag terugvoer rakende Augustus se syfers:

	Junie 2021	Julie 2021	Augustus 2021
Totale inkomste	273 685	348 498	301 563
Totale uitgawes	335 527	257 454	286 920
Surplus / (Tekort)	(61 842)	91 044	14 643

Ons is oneindig dankbaar vir elke bydrae en teenoor elkeen wat die gemeente se projekte ondersteun. Die Groenboks-projek gedurende Augustus het ‘n wins van R21 700 gemaak en my huishouding het beslis die heerlike, vars groente geniet! Hou asseblief aan om die fondsinsamelingsprojekte van die blokke en kommissies te ondersteun.

Die aantal bydraes ontvang gedurende Augustus as ‘n persentasie van ons totale besoekpunte het effens afgeneem vanaf 56% in Julie na 52,7%, maar naas Julie is dit steeds die hoogste wat hierdie persentasie in baie maande was. Daarom sê ons steeds dankie aan elkeen wat besluit het om ook op finansiële vlak by die gemeente betrokke te raak en te bly.

Groete tot volgende maand,

Elmari Schwenke
Voorsitter Fondse kommissie

PREEKSKETS

TEMA - Spr. 22: 19: Nie oor wat jy mag doen, maar oor wie jy is....

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Spreuke 22:1-2, 8-9, 22-23

Spreuke is ‘n wonderlike boek - maar moenie dit ligtelik opneem nie!
- Agter elke spreuk sit ‘n diep geestelike waarheid.
- En *dit* is die geheim van ‘n gelukkige, geballanseerde lewe.
- Jy kry dit in 1:7: “Kennis begin met die dien van die Here”.
- In ‘n tyd van verwarrende uitsprake is dit belangriker as ooit.

1. **Hoe moet 'n gelowige lewe?**
- Dis die vraag wat die Spreukeboek wil antwoord.
- Waar alles begin: dien die Here.
- Daarom is Spreuke geen reëlboek nie.
- Spreuke wil jou leer wie jy is.

2. **En wie *is* jy dan nou eintlik?**
- Ons antwoord behoort te wees: *"Ons is mense wat God nuut gemaak het."*
- En verder: *"Ons is mense wat elke dag onder leiding van die Heilige Gees lewe."*
- Daarom is ons groot vraag nie: Wat mag ek doen? nie.
- Die gróót vraag is: *Wie is jy?* Wat is jou diepste identiteit?
- Hoe lyk jou lewe, as jy aan die Here behoort?
- Wat pas in, by jou nuwe lewensstorie?

3. **Beteken dit dat elkeen nou maar kan maak soos hy wil?**
- Dalk was dit dalk makliker toe jy voorgesê is wat reg en verkeerd is.
- Maar nou wag daar vir jou ‘n nuwe avontuur saam met God!
- Wat is die praktiese gevolge daarvan, dat jy die Here dien?

Slot: Wat maak ek dan met alles wat ek deesdae hoor?
- En wat nou van al die verwarrende uitsprake?
- Ons lewensstyl word nie bepaal deur dit wat mense sê nie!
- My lewensstyl word bepaal deur wie ek *is*.
- Ek is 'n nuwe mens, wat deur die Gees van God gelei word.